

29 Januarie

## Ons blydskap is persoonlik

**Skrifgedeelte: Habakuk 3:1-19**  
**Fokusgedeelte: Habakuk 3:17,18**

Habakuk bid hierdie gebed van hoofstuk 3 in die wete dat God baie swaar beproewinge oor die volk gaan bring deur die komende ballingskap na Babel. Só swaar dat vers 17 sê daar gaan menslik gesproke niks meer wees om oor bly te voel nie.

Wanneer ons van blydskap praat, sê ons gewoonlik dat ons bly is *oor* iets of iemand. Dit wil sê dat blydskap iets is wat ek oor iets of iemand voel. Die profeet sê egter dat hy steeds bly kan wees in die omstandighede van vers 17, want sy blydskap is nie oor iets of iemand nie. Sy blydskap is in 'n Persoon geleë. Die aard van sy blydskap is daarom radikaal anders.

God self is die bron van 'n gelowige se blydskap. Daarom gebruik Habakuk ook God se Verbondsnaam (Jahweh) en lê die klem op God wat sy Redder is.

Ware blydskap realiseer dus in die lewende verbondsverhouding met God, waar ons vanuit sy reddende genade leef. Wanneer 'n mens in lewende gemeenskap met God leef, is blydskap nie meer net 'n gevoel nie; blydskap word 'n lewenswyse waardeur ek God verheerlik en die kwaad bestry. En wanneer God die bron van ons blydskap is, gebeur daar nogtans die wonder dat 'n gelowige so baie vind om oor bly te kan wees.

Wees getroos, ons blydskap is nie 'n gevoel wat ons self moet aktiveer nie. Ons blydskap is Persoonlik, dis in die God van ons heil geleë wat sy Seun vir ons geoffer het en sy Gees in ons harte uitgestort het.

*Sing: Psalm 97:1, 7 (1936)*

*Ds. Ronald Bain (Potgietersrus-Wes)*